# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

INULIC

Deel VIII. 16 Mei, 1953. No. 3.


BIBLIOTEEK P.U.K.

# AFGELOPE A.S.B.-KONGRES HOOGTEPUNT IN SY BESTAAN

## STUDENTE-GELEDERE FINAAL GEKONSOLIDEER

### Beleid Kerngesond en Positief

*Die A.S.B. het finaal sy voete gevind. Sy beleid is nou direk geformuleer en sy doelstellings helder omlyn. Van nou af is die A.S.B. aangewys op funksienering. A.S.B. het geword wat ons as Afrikaanse Studente eintlik in hom wou sien. Die Afrikaanse Studentebond het gekom om te bly!!*

*Op die kongres wat verlede week op 'n ideale noot ge-eindig het, het die onderskeie afvaardigings van die Universiteite en Kolleges van Suid-Afrika die behoefte van die studente met 'n ongekende geesdrif voorgedra, nl. 'n behoefte om soos een man saam te staan, saamgesnoer in 'n bond waarin hulle Afrikaner-belange op die hart gedra word.*

DIE NUWE ....



*Mnr. Johannes C. Potgieter,*

**wat op die onlangse A.S.B.-kongres te Stellenbosch, gekies is as A.S.B.-President vir 1953.**

Gebore te Otjiwarongo (S.W.A.) op 3 Januarie 1932.

Matrikuleer in 1949 aan die Diamantveld-Hoërskool, Kimberley.

Begin 1950 skryf hy vir die B.A.-graad aan die P.U. as voorbereidende Teologiese student in.

In 1950 neem hy deel aan die F.A.T.S.A.-feeste; 1951 dien hy op die bestuur van die plaaslike N.J.B.-tak; 1951 sekretaris van die plaaslike Toneelvereniging; 1952 F.A.T.S.A.-verteenwoordiger; in Mei 1952 gekoöpteer as sekretaris van die A.S.B.-hoofbestuur; op kongres (1952) gekies as sekretaris en Direkteur van Publikasies; voorsitter van plaaslike Toneelvereniging asook lid van die A.B.K.K. vir 1953; en bestuurslid van plaaslike A.S.B.-tak vir 1953.

. . . EN DIE OUE.



**Dr. J. A. THERON, A.S.B.-President, 1953.**

## DANKIE JACK.

My opregte dank aan Mnr. Jackie Strydom wat as Hoofredakteur van „Die Wapad" ageer het tydens my afwesigheid. Ek vertrou en glo dat julle die verandering van spys baie sal geniet, Pukke!!

HOOFRED.

## NUWE A.S.B.-HOOFBESTUUR VIR 1953.

Op die onlangse kongres van die Afrikaanse Studentebond wat vanaf 4 tot 9 Mei in Stellenbosch gehou is, is die volgende uitvoerende bestuur vir 1953 gekies:

Voorsitter: Mnr. J. C. Potgieter (P.U.); Onder-voorsitter: Mnr. R. Andrag (U.S.); Sekretaris: Mnr. I. M. Bakkes (U.P.); direkteur van betrekkinge met buitelandse studente: Mnr. J. S. Barnard (U.P.); direkteur van Oorsese Toere: Mnr. P. Lombard (U.S.); direkteur van kulturele sake: Mnr. J. C. Lötter (U.P.); direkteur van studie en navorsing: Mnr. S. van

(Vervolg vorige kolom).

Tonder (U.O.V.S.); L. S. v.d. Vywer (P.U.) direkteur van publikasies, propaganda en publisiteit.

**TOTALE APARTHEID.**

As oplossings vir die nie-blanke probleem is onder andere al genoem, blanke emigrasie en rassevermenging, maar „ons voel heilig oortuig dat totale apartheid die enigste oplossing van die kleurvraagstuk in die Unie is" aldus Dr. Theron, die afgetrede president. Hierdie besluit is eenparig aangeneem. Voorts het die kongres weereens beslis sy misnoë te kenne gegee met die nog bestaande gemengde universiteite. Om hierdie belangrike besluite te aksentueer en om sy erns insake die kleurvraagstuk spesifiek in Studentekringe te benadruk is die nuwe direkteurspos van rasseaangeleenthede geskep. Hierdie pos sal in die toekoms deur die onder-president behartig word.

Alle studenterade is aanbeveel om by S.A.B.R.A. (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede) te affilieer. Hierdie Buro beywer hom vir aparte ontwikkeling van die verskeie bevolkingsgroepe en die behartiging van die belange van hierdie groepe S.A.B.R.A. staan in diens van die hele bevolking en buite die par typolitiek.

Die amptelike taal van die A.S.B. bly Afrikaans, maar waar nodig sal ook van Engels gebruik maak.

**ADVIESRAAD.**

In die bepaling van sy beleid moet die A.S.B. sorg dra dat die verskillende Studenterade wat by hom ge-affilieer is, fundamenteel met hom saamstem. Elke S.R. plus die uitvoerende bestuur van die Hoofbestuur vorm die beleidsraad wat advies insake beleidsake aan die kongres verskaf. Hierdie stap verseker die nouste kontak en eenstemmigheid tussen die A.S.B. en die S.R.

**KONGRESWEEK.**

Die kongres vergader in die toekoms elke Aprilvakansie. Op uitnodiging van S.U. word die 1954 kongres-saamtrek in Potchefstroom gehou.

**TUKKIES PRESTEER.**

Opvallende was die groot louere wat die U.P.-groep ingeoes het met die kulturele kompetisies. Hierdie groep het uit 61 studente bestaan. Hulle het sowel die trofee vir die beste toneelopvoering spelersbeker verower, asook die skaak, redenaars- en beeldendekunstekompetisies verower.

Vir P.U. het **Jakkals du Plessis** die Skaakbeker met U.P. gedeel vir die beste individuele skaakspeler en **Jannie Potgieter** se een foto het 2e plek ingeoes.

**SAAMTREK SONDER WEERGA**

In die annale van die A.S.B. sal hierdie saamtrek bekend staan as een van die skitterendste. In elke opsig troon hierdie akademiese samekoms uit bod die voriges.

Die Afrikaanse Studente in Suid-Afrika het mekaar gevind en hulle geledere gekonsolideer. Na buite vertoon hulle 'n hegte eenheid om alle liberalistiese stelsels in studentegeledere die nek in te slaan. Die Afrikaanse Studentebond het alle pessimiste laat bloos, die A.S.B. verdedig nie meer nie, die Afrikaanse Studentebond is positief ge-oriënteerd.

# „VERTEENWOORDIG NIE INTERNASIONALE STUDENTE-OPINIE NIE."

**Die vergadering van die International Union of Students het andermaal getoon dat hy nie tred hou met die sg. wêreld-opinie van die studente nie. Sy doel was juis om Studente-unie wat nog nie I.U.S.-lede is nie 'n kans te bied om hulle standpunte te stel en sodoende samewerking te vind. Die vergadering was 'n Nusas-voorstel verteenwoordig deur Patricia Arnett, president van Nusas en twee Suid-Afrikaanse studente wat tans oorsee studeer.**

**Nusaspres.**

**Tydens die eerste sitting is Nusas gevra om te motiveer dat die Internasionale Unie nie sy oorspronklike doel na kom nie, maar blykbaar a.g.v. 'n oulike taktiese set kon Nusas nooit sy griewe behoorlik lug nie en is Nusas keer op keer gefnuik.**

**Nusas besware was:**

1. Die skorsing van die Joegoeslawiese studente organisasie in 1950 sonder konstitusionele ondersoek en sonder om die betrokke organisasie 'n geleentheid te gee om homself te verdedig.

2. Die totaal onwettige en ongeoorloofde partypolitieke oriëntasie van die I.U.S. Byv., Nusas protesteer teen die standpunt van die I.U.S. inneem teenoor sulke aangeleenthede soos die Koreaanse oorlog en die siening van lewensomstandighede ens. in bepaalde lande, vanuit 'n politieke hoek.

3. I.U.S.-publikasies toon dieselfde houding. Dit gee nie akkuraat die studente-opinie weer nie en doen dikwels nydige aanvalle op persoonlikhede wat die I.U.S. kritiseer.

Nusas pleit om 'n meer gematigde houding en dat die I.U.S. hom slegs sal bepaal by studente-aangeleenthede.

Soortgelyke kritiek en voorstelle is o.m. ingedien deur Canada, Chilie en Filand. Herhaaldelike versoeke dat die I.U.S. 'n simpatieke oor vir die besware moet hê is verwerp „op grond daarvan dat die kritiekpunte nie die opinie van die kongreslede verteenwoordig nie.

## Nusas-verklaring.

Hierop het Nusas hom nou as volg uitgespreek:

1. Geeneen van die kritiekpunte is uitgepluis nie.

2. Verskeie sake, insluitende respek vir die konstitusie (sien beswaar no. 1) is nie aangeraak nie.

3. Alle konstruktiewe voorstelle deur Nusas gedoen is deur die stoel geweier vir bespreking en minderheids-notulering is geweier.

(Vervolg in volgende kolom).

## GELUK, „WAPAD"

**„Ek moet u gelukwens met u oulike Intervarsitie-uitgawe van die „Wapad", skryf mnr. D. Reitmann, hoofredakteur van die IRWA, die studentekoerant van die U.O.V.S., aan ons redaksie. „Dit het myns insiens sy doel gedien", sê hy.**

## Leer hierdie les, Nusas!

Nusas is nou in die rug gesteek deur sy eie mense. Dis 'n belediging en 'n vernedering, meer nog, ook 'n morele n ekonstitusionele nederlaag.

# *Die Wapad.*

16 MEI, 1953.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredaktetur:** D. F. Erasmus.
**Sub-Redakteurs:** D. v.d. Spuy (Sport); M. J. Strydom (Alg. Nuus); I. C. J. Minnaar (Varia); G. v.d. Berg (Kuns); Mej. L. Grobler (Algemeen.
**Fotograaf:** L. J. Potgieter.
**Spotprenttekenaar:** L. Haarhoff.
**Tegn. Advokaat:** A. J. R. Vermeulen.
**Administrasie:** W. J. Sevenster (Voors.); J. Buys; R. Meyer; I. van Vuuren.



## *Pêrels voor . . . Studente!*

Die besoek van Prof. dr. J. H. Bavinck, verbonde aan die Vrye Universiteit van Amsterdam in die Teologiese skool te Kampen, aan ons inrigtings, is 'n besondere eer en voorreg wat ons as studente te beurt val. Die lesings wat hy hier lewer, getuig daarvan dat hy nie alleen 'n outoritêre wetenskaplike op verskeie teologiese gebiede is nie, maar ook dat hy 'n orator van naam is wat sy hoorders beide met sy unieke voordrag en beeldend ilustrasies uit die skatte van sy ervaringe kan boei.

Inderdaad 'n besondere voorreg wat ons aangebied word om deur sy lesings ons lewe te kan verryk. Maar die grootste meerderheid van die studente beskou hulleself klaarblyklik al so ver gevorderd op die weg na kennis en wetenskap dat hulle dit nie nodig ag om hulle nog met 'n geloofsleerklas of 'n publieke lesing oor sending te vermoei nie.

As gedink word hoeveel deur privaat persone opgeoffer is om sy koms hierheen moontlik te maak en hoeveel opofferings by homself getroos het om hierheen te kom, dan is dit 'n skande vir ons studentegemeenskap dat sy algemene lesings so swak bygewoon word.

Dit is maar weer die alombekende simptoom van 'n volksiekte wat ook hier binne die grense van ons inrigting openbaar word: alles wat vermaaklik, oppervlakkig en plesierig is word ywerig nagestrewe, maar sodra die geringste inspanning verwag word, word onmiddelik teruggedeins of weggekrimp. Wees dan maar gewaarsku: dit mag die gerieflikste weg wees om te bewandel, maar dit is 'n gevaarlike afdraande wat eindig op 'n afgrond!

Tenslotte beteken hierdie een of twee klasse wat ons perweek ekstra bywoon tog net wins vir ons. Laat ons dan nou nie gaan onder „die kastyding van die roede" nie, maar probeer om te verbeter!

### *Brojure*

Vandag word daar weer gesweet en geswoeg in die eksamenkamer waar die belangrikste eksamen van die jaar afgelê word: Brosjure-eksamen!

Die eerstejaars kan maar net „Sterkte" toegeroep word, want die pak wat hulle moet dra is swaar en niemand kan hulle 'n helpende hand verleen nie.

Onthou maar net: daar moet baie voorregte ontbeer word as die eksamen nie geslaag word of nie afgelê word nie. Menige ouheer en oudame sal uit dure ondervinding u dan ook aanraai om die inhoud van die brosjure goed in te stamp, want dan is 'n groot mylpaal agter die rug en het u 'n groot stap geneem in die rigting van volwaardige burgerskap in die land van die Potchefstroomse Universiteit.

P.J.W.L.

## OORDENKING.

**Teks: Openb. 2: 17.**

**„Aan hom wat oorwn, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang".**

In hierdie vers sien ons die bemoediging aan die gemeente van Pergamus, nadat daar ook bestraffend teenoor hulle opgetree is.

Vir hulle wat volhard tot die einde is die saligheid weggelê. Hoewel dit oënskynlik mag lyk of hulle in hierdie lewe alles verloor, deurdat hulle aan Christus getrou gebly het—Eenmaal sal dit blyk dat hulle juis daarin oorwinnaars is.

Hulle wat weier om die afgodsoffers van die wêreld te eet, aan hulle sal gegee word die verborge manna. Die Here sélf sal hulle voed. Nou is dit nog verborge manna. Dit moet nog in die geloof aanvaar word. Daar kom egter 'n tyd dat hulle die verborge manna deelagtig sal word. Dan sal aan die hele wêreld geopenbaar word dat hulle die oorwinnaars is, hulle, vir wie die aardse middele nie die hoofsaak was nie, maar wat gesoek het die voedsel wat bly tot in ewigheid.

Nie net sal hulle gevoed word nie maar hulle sal volkome geregverdig word en algehele vryspraak ontvang, omdat aan hulle sal gegee word 'n wit keursteen. Dit is nie die steen self nie, maar die betekenis daarvan wat die waarde uitmaak. Die betekenis kom uit in twee dinge: Die steen is wit en daarop is 'n naam geskrywe. Die wit duie daarop dat die ontvanger daarvan skoon sal wees want hy sal gewas wees in die bloed van die Lam.

Die naam wat op die steen geskrywe is, sal die naam van die ontvanger wees. Nie die naam wat hy of sy op aarde gehad het nie, maar die naam wat God aan hom of haar sal gee. Is u oorwinnaar in Christus Jesus, sal dit u naam wees? U naam vir ewig in die hemel??

Dit is die bemoedigende belofte aan hom wat oorwin. Daarom, wie 'n oor het, sal gehoorsaam wees, nie aan die verleiding van die wêreld nie maar aan die woord van God.

Die verborge manna en die wit keursteen is die belofte vir al die wat oorwin. As u dit deelagtig wil word, moet u dus oorwinnaar wees. Om oorwinnaar te wil wees, moet u dus ook Stryder wees want daar is geen oorwinning sonder stryd nie.. U stryd moet wees teen uself. Daar moet dus selfverloëning wees. U stryd moet wees teen die wêreld rondom u en teen die bose geeste in die lug. Self kan u die stryd nie voer nie. U moet stryder wees in Christus.. Dan sal u ook oorwinnaar in Christus wees want Hy is rééds oorwinnaar. Toe Hy aan die kruis gesterf het, het Hy oorwinnaar oor Satan geword.

Die verborge manna en die wit keursteen is 'n belofte vir hiernamaals, nie nou nie, maar dán eers. Neem dan aan die beloftes van Sy wederkoms. Hy kom sekerlik om die loon van Sy arbeid te ontvang. Dit is die heerlike verwagting van die gelowiges want hulle sal in sy vreugde deel. Die belasterdes en veragtes sal soos priesters en konings blink in die koninkryk van hulleVader Die onbegryplike heerlikheid sal 'n ruim beloning wees vir die eeue van getuienis en stryd.

J. LIGTHELM.



ARCADIA
(oor Landbank)
**HAARKAPPER-SALON**
**Kerkstraat 53, POTCHEFSTROOM.**
**Van der Hoff-gebou( regoor Landbank).**
Dames- en Here-Haarkapper.
Vir u volgende permanente golwing besoek ons.
Foon 1269
**SKOONHEID EN NETHEID GEWAARBORG.**
STUDENTE WELKOM.

**S.A.N.I.A.M.**
**J. L. M. VENTER,**
Spesiale Verteenwoordiger.
**Noordbrugweg 3, Telefoon 1247,**
**Potchefstroom.**

**Bestel u MIELIEMEEL van en Verkoop u MIELIES aan:**
**RENDEZVOUS ROLLER MEULE**
**VILJOENSKROON.**
**Posbus 21. Foon 100,**

**J. HEIDEMA**
vir
FIETSE
EN
OLIVETTI
TIKMASJIENE

**J. HEIDEMA**
**Kerkstraat 30,**
**(teenoor Geref. Kerk)**
**POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**




Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerste-graadse tabak.

**Kommando**

**Filter, Kurk en Ongekurk**

# „DIE VERWAANDHEID VAN MANLIKE SPECIES"

„Kulu",
10 Mei, 1953.

Die Redakteur,
„Die Wapad",
P.U.

Waarde Heer,

**Die bedenklike optrede van die P.U.-mans dwing my om na die pen te gryp.**


**Ten eerste. Die verregaande verwaandheid van sommige manlike species van hierdie inrigting laat my hare rys. Waar kom hulle daaraan om te dink en te verwag dat alle dames in 'n tou by die foonhokkie sit en wag ingeval hulle miskien 'n skiet kry, en dit van een van hierdie „belangrike" ouhere? Om te dink dat hulle Saterdagaande hier aangewals kom om halfagt (ek verkies 'n vastrap, maar toemaar) en net eenvoudig verwag dat elke beskikbare dame gereed moet staan om in hulle arms te vlieg!**

**Tweedens.** Meeste van die mans hier ly aan amoreuse hallusinasies (Nuwe Afrikaanse Woordeboek, bl. 3; voetnoot J). Hulle dink elke dame kan net dood oor hulle. As 'n dame net wys dat sy Ipana (klorefiel) gebruik, dink hulle dat sy die komende aande gretiglik op 'n liefdesbetuiging sit en wag. Hulle gaan selfs so ver om in hulle eetsaal te laat afkondig dat die dames 'n behoefte het aan 'n massa-sleep terwyl dit hulle was wat dit gereël het. Na een vaal ou slepie verkondig hulle aan almal wat bereid is om te luister, dat hulle lankal met haar kon ge-„case" het as hulle net wou!

**Derdens.** Die mans loop die dames uit hulle klere uit sonder om hulle te verwerdig om haar bestaan te erken (????.—Red.). As hulle haar ken sal hul miskien dit die moeite werd ag om haar groet te beantwoord met 'n hoogmoedige knikkie van die vakuool tussen die oore. Meer waarskynlik plaas hulle haar op die trollie na Tarentaal. Dié wat hulle nie ken nie; is natuurlik outomaties daar.

Meneer die redakteur, as hierdie brief geplaas word, dank ek u daarvoor want my emosies het met die skrywe hiervan adekwate (nie 'n mooi woord.—Red.) bane gevind.

Die uwe,
'N FEMINIS.



Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.,
11 Mei, 1953.

Die Redakteur,

Dit is met 'n gevoel van skaamte dat ons die pen opneem om teen die dames te velde te trek, want ons het tot nogtoe 'n baie hoë dunk van die ou-dames gehad, maar gebeurtenisse van die afgelope tyd—en hier dink ons veral aan die diskriminasie teen die eerstejaars—het ons tot ander insigte laat kom.

Verlede Saterdag het ons die geval gehad dat eerstejaardames wat Theos vanaf die pawiljoen gaan ondersteun het, gehek is.

Die algemene gevoel is dat die hokkiebewuste ou-dames (tweedejaars ingesluit) te ver gegaan het. Dit wil nou egter vir ons lyk asof Theos Saterdag-oggende moet speel sodat die eerstejaars in die middag die uithalerspel, (dink maar aan die 13—0 teen ons op die hokkieweek!) kan gaan besigtig.

Wat is die oorsaak van die oudames se houding? Is dit uit jaloesie en leedvermaak, of is dit omdat die eerstejaars so baie aftrek van die mansstudente kry?

Dankie,
HERNOBIE.

## „ONS SÊ, ‚DANKIE, PUKKE'."

Graag wil ek langs hierdie weg almal wat meegehelp het om ons konsert, gehou op 29 April, so mooi en glad te laat verloop, baie hartlik bedank. Geen opoffering en moeite was vir u te groot nie en dit saam met u ywer om iets by te dra vir u studentesaal, het so 'n groot sukses van die aand gemaak. Nogmaals my hartlikste dank aan alle organiseerders-(sters), afrigters, deelnemers en almal wat 'n hand of meer bygesit het om te help—en les bes, aan alle ondersteuners!

MARIETJIE COETSEE.

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE

BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# HOE RYM MENS HIERDIE OPTREDE?

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
6 Mei 1953.

**Geagte Redakteur,**

**Ek dink ons sien almal uit na die aanbou van 'n nuwe Studentesaal. Een van die organisasies op ons Universiteit wat in die verlede al baie bygedra het by die insamelinng van fondse vir die Studentesaal en dit vanjaar weer gaan doen, is die Alabama. Hierdie persone wat seker almal ook maar baie werk het, sit nie Donderaande vir hulle plesier in die Studentesaal en oefen nie. Dit is vir hulle 'n opoffering!**

Die saak waarby ek eintlik wil kom is die klip-gooier euwel wat weer sy kop uitgesteek het. Dit was natuurlik weer 'n paar tweedejaars en derdejaars wat nie van hulle tweedejaarkompleks ontslae kon raak nie wat vir verlede Donderdagaand se gooiery verantwoordelik was. Ek het ook verlede Donderdagaand studeer en die Alabama het my wel 'n bietjie gehinder, maar die ergste van alles was dat hierdie klipgooiers ná die orkes opgehou oefen het, so te kere gegaan het in die omgewing van die foonhokkie dat 'n mens toe werklik nie jou aandag by jou werk kon bepaal nie!

Na wat ek kon vasstel oefen die Alabama net een aand in die week—Donderdagaand—van 7 uur tot 9.30. Studietyd begin 7.30 en dan is daar nog 'n „raas"-tyd, as die tee kom, van 8.30 tot 9 uur. In werklikheid „raas" die Alabama dan slegs 'n uur en 'n half wanneer die ander mense studeer. Is 'n anderhalfuur per week te veel gevra van 'n student om op te offer om te help 'n nuwe Studentesaal op te rig?

Ek dank u vir plasing.

IEMAND WAT GRAAG 'N NUWE STUDENTESAAL WIL SIEN.

## SOET IS DIE WRAAK


Geagte Redakteur,

Ek wil hiermee net 'n paar waarskuwende woorde rig tot 'n paar van ons dames wat in die jongste verlede 'n stap gedoen het wat hulle seker nog baie sal berou. Wat hulle presies gepla het weet ek nie, wat hulle motief was, kan ek ook nie sê nie—miskien was dit daardie eeue-oue drang in die vrou om aandag te trek wat hulle gedryf het om tot so 'n stap oor te gaan.

Nietemin, al wat ek weet, is dat die ou „skooltjie" nie meer is wat hy was vandat die konserwatorium met sy gevolg sy intrek daar geneem het nie. Dat mans nog daar kan kom klasloop. kan nog geduld word, maar daardie klomp waskinders is 'n doring in my vlees. Afgesien daarvan dat net hulle teenwoordigheid 'n paar van my vriende wat allergies aangelê is t.o.v. alles wat vroulik is, ongemaklik laat voel het, het hulle spoedig die onguns van al die ander ook „gewen" Die toppunt van hulle uittarting is 'n paar dae gelede bereik toe hulle sonder uitsondering al die ouhere se fietse afgeblaas het. Menige ou ringkop se gesig het vertrek van verontwaardiging by die aanskou van genoemde verwoestingswerk. Sonder woord het hulle mekaar veelbetekenend aangekyk . . . 'n vaste besluit is klaar geneem: Daardie dag . . daardie vreeslike dag sal aanbreek . . . die dag van soete wraak.

Wees gewaarsku,
X.

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE
Mans-uitrusters
vir al u
KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.
127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM



# NOODSAAKLIKHEID VAN REGSFAKULTEIT.

## PROF. SWANEPOEL LEWER SKITTERENDE REDE.

**„Alhoewel baie Universiteite ontstaan het uit regsskole, het die jongste Universiteit in die wêreld vandag nie 'n regsfakulteit nie", het prof. dr. H. L. Swanepoel, hoogleraar in die regte aan die P.U., verlede week tydens 'n ledevergadering van die Korps Vritas Vincet gesê toe hy met 'n lesing oor die beoogde regsfakulteit aan ons Universiteit opgetree het.**

Alvorens die spreker die vergadering op die karakter en grondslag van 'n regsfakulteit gewys het, het hy verduidelik hoe so 'n fakulteit verkry moet word. Dit moet nl. geskied met die toestemming van die Minister van Onderwys, Kuns- en Wetenskap. Alhoewel ons dus selfstandig is, het ons nogtans die stoestemming van die regering nodig vir die stigting van so 'n fakulteit. Die minister moet oortuig wees dat so 'n fakulteit homself regverdig aan ons Universiteit. Hy sal op die werk wat gedoen word, en veral op die nagraadse studie, d.w.s. vir die LL.B.-studente en die aantal studente wat onder die regsfakulteit sal ressorteer.

As alles goed gaan, was die mening van die spreker, dan behoort daar volgende jaar ongeveer ses studente te wees vir die eerste LL.B.-jaar en twee vir die tweede jaar. Dan kom nog diegene wat met die B.A.- en B.Comm.-graad besig is—tans ongeveer 90. Dié groot totaal studente wat onder die regsfakulteit sal ressorteer, sal volgens Prof. Swanepoel, die minister van die noodsaaklikheid van 'n regsfakulteit oortuig.

**Vervolgens het die spreker op die noodsaaklikheid van 'n regsfakulteit aan ons inrigting gewys. Ons hele Universiteit is Christelik-Calvinisties georiënteerd en die regsfakulteit sal ook so wees. Al die ander wetenskappe word Calvinisties hier uitgedra en, alhoewel ons nie sê dat die regsfakulteite van ander Universiteite nie-Christelik georiënteer is nie, sal ons egter sorg dat die Christelike element by uitstek benadruk word. Prof. Swanepoel het gesê dat ons regsgeleerdes die wêreld wil instuur wat in 'n Calvinistiese gees opgelei is om die huidige probleme in dié gees op te los.**

Ten slotte het die spreker aangetoon wat 'n regsfakulteit vir onsself hier in die studentelewe sal beteken. Die vierde-jaar en ouer studente is hoofsaaklik die studente wat die leiding in die studentelewe neem. Op die oomblik is dit veral diegene wat die opvoedkunde en teologie bestudeer. Met LL.B.-studente wat in die vierde- en vyfdejaar is, sal hier 'n beter ewewig in die studentelewe tot stand kom, en sal ons studente van meer rigtings kry wat leiding kan gee en mekaar sodoende kan aanvul.

B.J.P.

# Op die Voorgrond . . .



## *Geluk, Willem en Elbie.*

**Ons hartlike gelukwensinge gaan aan mej. Elbie Kruger en ds. Willem de Klerk wat onlangs in Potchefstroom in die huwelik bevestig is. Die egband is gelê deur Prof. W. J. Snyman.**

**Sowel Elbie as Willem is oud-Pukke. In 1951 was ds. de Klerk S.R.-voorsitter asook President van die A.S.B.-hoofbestuur.**

* * *

Met die sitting van die Kuratorium van die Gereformeerde Kerk op 7 Mei, is **Prof. S. du Toit** aangewys as Rektor van die Teologiese Skool in die plek van wyle Prof. dr. B. J. de Klerk. Tydens die siekte en na die dood van Prof. de Klerk, het Prof. Jooste geageer as Rektor.

* * *

**Prof. P. J. S. de Klerk,** van die Teologiese Skool, wat in die Pretoriase Hospitaal verkeer het waar hy drie operasies ondergaan het, maak göeie vordering en is, na verneem word, weer in ons midde terug. „Ek voel sommer perdfris, en kan al bokant my kop skop", sê hy.

**'n Duitse damesstudent, Dr. Katesa Schlosser, het 'n beurs van die Unieregering ontvang vir verdere studie, en besluit om gevorderde werk in Volkekunde onder Prof. Lehmann aan ons Universiteit te doen.**

* * *

Langs hierdie weg wil die redaksie van „Die Wapad" **mnr. S. du Toit,** die registrateur, van harte geluk wens met sy verjaardag wat hy op die 6e Mei gevier het.

* * *

**Prof. J. Chris. Coetzee** het 'n kleiner operasie in die Pretoriase hospitaal ondergaan. Na ons verneem, het dit baie goed afgeloop. **Mev. (Prof.) Coetzee** het egter 'n baie ernstige operasie ondergaan, wat goed afgeloop het alhoewel die herstel lank sal duur.

* * *

**Prof. J. C. van Rooy en mnr. S. du Toit,** rektor en registrateur onderskeidelik, het op 8 Mei na Potgietersrust en Tzaneen vertrek waar hulle besig is om fondse in te samel vir die Uitbreidingsfonds van die Universiteit. Hulle sal vir ongeveer twee weke afwesig wees.

## KENNISGEWING

Hiermee word namens die Besembosredaksie aan alle studente kennis gegee dat alle bydraes vir ons jaarblad voor of op Maandag, 22 Junie, by een van die redaksielede ingehandig moet word. Die redaksielede is die volgende:

**Sekretaris: Mnr. Jannie van der Walt.**

**Kuns en Lettere: Mej. L. van den Berg.**

**Geskiedenis en regswetenskappe: Mnr. Jackie Strydom.**

**Natuurwetenskappe: Mnr. Chris Lessing.**

**Opvoedkunde: Mnr. Tony Lombard.**

**Teologie: Mnr. L. S. van der Vyver.**

**Handelswetenskappe: Mnr. Fanie Lombard.**

**Wysbegeerte: Mnr. P. G. W. du Plessis.**

**Sosiale Wetenskappe: Mej. C. Bosman.**

**Varia: Mnr. Gert van den Berg.**

Onthou asseblief dat behalwe wetenskaplike artikels, ander bydraes ook welkom is. So bv. kortverhale op die gebied van Kuns en Lettere, en oorspronklike spotprente op die gebied van varia. Lewer enige iets denkbaar wat gepubliseer kan word en ons sal dit baiie hoog op prys stel.

# FLITSBERIG

**So pas is berig ontvang van 'n groot ramp wat Stellenbosch getref het. Dertig van die mooiste dametjies verkeer naamlik in 'n kritieke posisie in die Stellenbosche hospitaal as gevolg van gebroke harte en 'n verdere twintig is reeds as „buite hoop" verklaar en ontslaan.**

Die rede? Die skielike verskyning van Meneer Driebeen Loodgieter—S.R.-lid; S.S.B.-voorsitter; jukskeikaptein; vermaerde bokser; baasdanser; krieket-, skaaktennis- en banjospeler van oneindige groot roem; befaamde spykeraar; begaafde Honneursstudent; en 'n „handsome" Don Juan sonder weerga—op die A.S.B.-kongres aldaar.

# *Besembos skep nuwe moontlikhede*

**„Die redaksie van vanjaar sal inderdaad hulleself moet ken om die steeds stygende standaard van ons jaarblad nog 'n trappie hoër te laat klim", het die hoofredakteur van Die Besembos, mnr Pierre Louw, onlangs op die openingsvergadering van die redaksie gesê.**

„Om hierdie ideaal te verwesenlik sal daar veral getrag word om meer geleentheid as in die verlede aan die studente te bied om publisiteit aan hulle prestasies te verleen. So sal daar selfs vir knap fotograwe, beeldhouers, skilders, digters en kortverhaalskrywers 'n geleentheid gegee word om 'n plek in ons blad te verkry" het die hoofredakteur voortgegaan.

**BEKER.**

„**Of die Besembosbeker vir al** hierdie verskillende prestasies uitgeloof sal word, is twyfelagtig" is in 'n persoonlike onderhoud aan ons verteenwoordiger gesê, „maar nogtans bly die toekenning van hierdie beker een van die grootste aanmoedigings vir ons SKRYWERS om hulle beste te lewer, aangesien dit slegs aan die oorspronklikste bydraer toegeken word terwyl daar ook op die aktualiteit van die onderwerp en die interessantheid van die inhoud soos gewoonlik gelet sal word".

Die redaksie van „Die Wapad" het verneem dat die suiweringsapparaat by die swembad nou feitlik klaar geïnstalleer is. Die Pukke sal dus nou nie meer nodig hê om tussen die slyk rond te swem nie.

# *MÒSIE VAN WANTROUE??*

**'n „Nie-amptelike mosie van wantroue" is by monde van 'n „onbekende" damestudent in „Die Wapad"-redaksie gestel tydens 'n telefoongesprek verlede Maandagaand.**

**Die beskuldiging is in besonder gerig teen die waarnemende hoofredakteur van „Die Wapad" op grond van neglegentia i.v.m. 'n brief wat elders in hierdie uitgawe verskyn.**

**Volgens die dame het hy versuim om, terwyl hy besig was om die brief persklaar te maak, dit vanaf sy skryftafel te verwyder toe hy 'n foonoproep ontvang het. Die gevolg hiervan was dat ander persone die brief in sy afwesigheid gelees het, asook die skrif herken het.**

**(Opmerking,—Waarn. Hoofred.:-** (Vervolg op volgende kolom").

**Hiermee wens ek alle verantwoordelikheid te aanvaar i.v.m. bogenoemde saak en dus alle ander redaksielede van blaam te onthef).**


**PRO REGE-PERS**

BOEKHANDEL en ANTIKWARIAAT

vir al u WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.

**Telefoon 1164, KERKSTRAAT 59.**

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-Haarkapper

**Kerkstraat 97. Foon 330.**

Probeer ons beroemde **JAMAL MASJIENLOOS PERM**

Bekwame Mans-afdeling.

**Sigarette en Fantasie Goedere.**

VIR—

**VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ENS.**

WELKOM KAFEE,

**Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM.**

*Dis u kafee, Studente!*

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**

**J. P. V.D. WALT, L.F.V.**

**KERKSTRAAT 111 (Langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

C. VAN DER MERWE,

**Kerkstraat 93, POTCHEFSTROOM.**

Waarom sal jy loop as jy kan ry? ('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).

BESPAAR TYD, KRAGTE EN SKOENE deur

**'n Fiets aan te skaf.**

**KOM SIEN ONS—** vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

BLITZ DROOG-SKOONMAKERS

**Die Afrikaanse saak vir Afrikaanse Studente.**

Vir u gerief bestaan daar Ontvangs- en Afleweringsgeriewe in al u koshuise.

**„BLITZ"—die woord vir DROOGSKOONMAAK.**

**Nywerheidsgebied, Telefoon 789, Potchefstroom.**

DIE AFRONDING VAN U INKOPIES en „WINDOW-SHOPPING" is 'n besoek aan

**ANNELLAS KAFEE**

oor 'n heerlike koppie **STOMENDE KOFFIE.**

Probeer hierdie keer ons

VIS EN ARTAPPEL-SKYFIES.

Eienaar: D. M. VAN BILJON.

**EXCELSIOR MEUBELS**

**KERKSTRAAT 132. Foon 743.**

KOM BESOEK ONS EN OORTUIG USELF VAN ONS

KWALITEIT en VERSKEIDENHEID MEUBELS.

# SPORTPRAATJIES



Ons kan hierdie slag gerus 'n bietjie gesels oor ons eerste voetbalspan. Dié kêrels het die jaar goed begin toe hulle al hulle wedstryde op die toer (met die uitsondering van Tukkies) gewen het. Mooi voetbal was aan die orde van die dag en 'n mens het die jong spannetjie bewonder vir sy deursettingsvermoë.

Saterdag se wedstryd teen Dorp het 'n mens egter laat wonder of daar nie êrens 'n skroef of twee losgegaan het nie. . Hoewel J. C mooi gehak het en Org en Dick Putter hard gespook het, het dit gelyk asof die nodige samespel onder die voorspelers ontbreek. In die lynstane het hulle toegelaat dat die Dorp-voorspelers deurpeul en Brinkie baie lastig val. Dít is jammer, want Brinkie is 'n man wat sy agterlyn soos blits wegstuur, en die kêrels behoort beslis aandag te gee aan hierdie „toemaak" in die lynstane.

Onder die agterspelers speel „Van" vanjaar baie mooi voetbal. Dit lyk ongelukkig egter of daar slaankrag by die senters ontbreek, alhoewel Jan de Wet na Saterdag waarskynlik sy plek sal behou in Theos. Dit sal gaaf wees as ons eerste span 'n senterpaar het wat gapings kan maak want met so 'n gevaarlike en vasberade vleuel soos „Stony" kan dit tot goeie resultate lei.

Dit, sou ek dan sê, is **sommige** van die skroewe wat los is. Maar 'n skroef wat definitief baie los is, is by die Puk-ondersteuners self te vind. Daar was verlede Saterdag slegs 'n handjievol Pukke op die pawiljoen om hulle span tot groter dinge aan te spoor. Is dit nou 'n openbarinng van gesonde sportmangees om jou span te ondersteun net as hy wen? Laat ons, wat ondersteuning betref, 'n „tip" vat by die Pote en in die vervolg in groot getalle opruk as Theos die dag speel!

## Murrayfield vir O/19.

Die O/19 span het die toeskouers Saterdag 'n goeie indruk gegee van hoe dit die dag op Murrayfield moes gelyk het toe die Springbokke die Skotte so 'n kafferpak gegee het. Nie alleen was die telling groot nie, maar die jong spannetjie het ook skitterende spel gelewer. Hier kan die Theos-spelers 'n „tip" kom vat hoe om saam te pak in 'n losskrum. As die bal grondvat, is al agt by en **pak** hulle om die bal. Vier van hulle staan nie en wag dat die bal aan die ander kant uitkom sodat die losskakel gery kan word nie. As al agt voorspelers saampak in 'n losskrum, maak hulle sodoende ook seker dat die bal in alle geval nie by die opponent-losskakel uitkom nie!

## Oxford-Cambridge toer.

Dit lyk asof die Oxford-Cambridge kriekettoer deur die mat geval het. Die Pukke is egter vasbeslote om hulle standaard vanjaar heelwat op te skuif. Onder die bekwame leidinng van Prof. Davies, wat volgende seisoen weer self gaan speel, is die manne reeds besig om Dinsdagmiddae die fynere kunsies van die spel baas te raak.

# INTERVARSITY-UITSLAE

## VOETBAL:

Eerste span: U.O.V.S. 3, P.U. 0.
Tweede span: P.U. 17, U.O.V.S. 6.
Derde span: P.U. 3, U.O.V.S. 0.

## HOKKIE:

Eerste Mans: U.O.V.S. 1, P.U. 0.
Tweede Mans: P.U. 1, U.O.V.S. 0.
Eerste Dames: U.O.V.S. 2, P.U. 1
Tweede Dames: U.O.V.S. 4, P.U. 1.

## KORFBAL:

Eerste span: P.U. 3, U.O.V.S. 2
Tweede span: P.U. 31, U.O.V.S. 5.

## JUKSKEI:

Eerste span: P.U. wen.
Tweede span: U.O.V.S. wen.

## TENNIS:

Mans: U.O.V.S. 14 stelle, P.U. 1 stel.
Dames: U.O.V.S. 13 stelle, P.U. 2 stelle.

# HOKKIEWEDSTRYDE

16de Mei: Eerstespan teen Klerksdorp op Klerksdorp om 3.30 n.m.
Tweedespan teen Lichtenburg op Lichtenburg om 3.30 n.m.
Derdespan teen Viljoenskroon op P.U. om 3.30 n.m.

20 Mei: Eerste span teen Normaal op Normaal om om 3.30 n.m.
Tweedespan teen Witrand op Witrand om 3.30 n.m.

23 Mei: Eerstespan teen Western Reefs op P.U. om 3.30 n.m.
Tweedespan teen Dorp op die Park om 2.30 n.m.

# NORMAAL TWEEKEER OP DIE KNIEË GEDWING

## Manshokkie ryg oorwinnings in.

**In die eerste vriendskaplike wedstryd teen Normaal, het die eerstespan Normaal met twee doele teen een verslaan. Alhoewel die Pukke se geledere kwaai uitgedun was as gevolg van die afwesigheid van die twee knap heelatger-spelers, Johann Ligthelm en Wahl Meyer, was daar nie te keer aan die Pukke nie. Die verdediging was dodelik maar aan die aanval het daar iets geskort. Die Pukke se voorlyn kon maar net nie altyd of dreef bly nie en het soms met rukke en stote gevorder. Nietemin het hulle daarin geslaag om die Swartetjies kaf te draf. Ferdie Botha en Piet van Wyk het gesorg vir die doele.**

Op 6 Mei was dit egter 'n heeltemal ander storie. Die Pukke was in 'n vernietigende bui en daar het niks gehaper met sowel die voorlyn as die skakels en heelagters nie, alhoewel die Pukke weereens met 'n verswakte span op die veld moes draf—hierdie keer sonder die waardevolle diens van **Blackie Kruger,** die regtervleuel, en **Piet Pretorius,** die linkerskakel. Hulle plekke is egter terdeë volgestaan deur **Piet van Wyk,** in wie se plek **Pienaar** gespeel het, en **Jantjie van den Berg.**

Reeds vanaf die eerste koggel het die Pukke tot die aanval oorgegaan en binne die eerste minuut het hulle 1—0 gelei. Normaal het egter geantwoord met twee doele kort na mekaar maar 'n paar minute voor rustyd het die Pukke hulle tweede doel behaal. Die rustydtelling was dan ook 2—2.

**WIT PLANK KLAP GEDURIGDEUR**

Na die pouse kon Normaal nie meer huis hou met die Puk-voorlyn nie. Die bal het heen-en-weer getrek en nog vier maal teen die wit plank in die doel geklap. Die doele is aangeteken deur **Jack Strydom** (3) en **Charles Schlesinger** (2) terwyl een doel behaal is na 'n deurmekaarkrappery in die Normaal-sirkel. P.U. wen dan ook hierdie wedstryd 6—3.

Dit sou onregverdig wees om enige name te noem. Elke Puk het soos 'n Springbok gespeel. Die voorlyn was in 'n verwoestende bui, die drie skakels was altyd op hulle plekke en het mooi en sekuur gespeel, die heelagters kon net geen fout maak nie en die doelwagter, wat nie altyd op sy stukke was nie, het nogtans mooi vertoon.

Op 9 Mei slaag die eerstespan om Blyvoor 3—2 te klop.

I.C.J.M.

# DAMESHOKKIE STEL TELEUR.

In hulle ligawedstryd teen Dorp.B. het P.U. A verlede Saterdag teleurgestel. Die twee heelagters van P.U. het hulle plekke volgestaan, en saam met die skakels het hulle gesorg dat die spel meeste van die tyd in Dorp se kwartgebied gebly het. Die voorspelers kon egter nie deurbreek nie, en die wedstryd eindig 0-0-.

**DAMESHOKKIEKLUB TIEN JAAR OUD.**

.....**Op 8 Mei was die Dames Hok**kieklub tien jaar oud, en hierdie verjaarsdag gaan gevier word op 13 Mei (die eerste beskikbare geleentheid) by wyse van 'n braaivleis. Dit sal 'n gulde geleentheir wees om bietjie uit te breek in hierdie tyd van toetse, maar afgesien hiervan sal die spangees ook versterk word.


S.v.S.

Vir een **NET HAARSNIJ,**
(Dames en Here)
„DIE BULT HAARKAPPER"

## Krieketspan het nie sleg Gevaar.

Alhoewel die eerste krieketspan nie aan ses ligawedstryde kon deelneem nie, het hulle nogtans daarin geslaag om die vorige krieketseisoen af te sluit met 'n sesde plek op die liga-leer. Daar het elf klubs aan die kompetisie om die Tod Suttie-beker deelgeneem.

Hauptfleisch en sy manne kan nogtans trots voel op hierdie prestasie.



Org Rautenbach, kaptein van die eerste voetbalspan, wat in die Wes-Transvaalse span ingesluit is.

# THEOS VERLOOR WEER

## Gebrek aan Samespel.

**Ná hulle onlangse neerlaag met Intervarsity, het Theos Saterdag weereens teleurgestel en 'n pak van 14—8 teen Dorp op die lyf geloop.**

**'n Gebrek aan samespel onder die Puk-kêrels was blykbaar die oorsaak van hierdie neerlaag. Hulle het bv. toegelaat dat Dorp sommer deurbars vanaf 'n lynstaan in hulle eie halfgebied en 'n drie aanteken.**

Alhoewel die Pukke nie verdien het om te wen nie, was Putter en Van der Merwe ongelukkig om nie die wenpunte met strafskoppe aan te teken nie. Die bal het telkens naby die pale verbygetrek.

Mooi individuele vertonings het dikwels voorgekom, maar daar word nie genoeg ondersteuning aan die man met die bal gebied nie.

**DIE PUNTE.**

Steenkamp het op 'n eie houtjie vir Puk 'n baie netjiese drie gedruk nadat hy die bal naby die halflyn in die hande gekry het. Putter was verantwoordelik vir P.U. se ander punte toe hy 'n drie, wat vervyf is, naby die pale gedruk het.

Dorp se punte het gekom van 'n doel, 'n drie en twee strafskoppe.

**ANDER SPANNE.**

In 'n wedstryd waarin dit geblyk het asof daar eintlik net een span op die veld is, het die Onder-19-span van die Universiteit met pragtige spel voor die dag gekom om Proefplaas met 50 punte teen nul te oorrompel.

Die Navy het met 14—6 teen Dorp II verloor. Die Pukke se punte het gekom van 'n drie deur Viljoen en 'n strafskop.

Die Fires het naelskraap met 6—3 teen Dorp III verloor, maar die Tekkies het weer vir 'n oorwinning gesorg.

## Petros de Stoker wen Hendikep.

Wilhelmus Tell Paritz, Petros Veldbrand de Stoker, Migilus Charlotte Hot Taugo, was maar 'n paar van die uitstaande name wat op die program van die „Uitspan Maaisiekel Hendiekep" verskyn het.

Uitgedos in hulle volle monderings het agt van die mees beroemde fietsjaers in die wêreld voor-verlede Woensdag by Thaba Jäh se hek byeengekom om aan die „hendikep" deel te neem. Om drie-uur het hulle weggespring en agt minute oor drie het die eerste jaer die wenpaal verbygesteek —Petros Veldbrand de Stoker.

Die bekers is oorhandig deur Mev. Gutter, die burgemeesteres van Tarentaal.

* * *

„Die Wapad" wil die hoop uitspreek dat hierdie „hendikep" wat die eerste is in die geskiedenis van die P.U., nou 'n jaarlikse instelling gaan word.

**STUDENTE!!!**
Besoek mnr. N. v.d. Walt
vir Skoenreparasies
**Kerkstraat 51,**
(regoor Queen's Hotel).